

Hoofstuk van die dag: Hosea 10

> *Maar julle het sonde ingeploeg en julle het vyandskap geoes. (vers 13)*

Israel het ’n hoë roeping gehad. Hulle moes vir hulle ’n nuwe land ploeg (vers 12) – hulle moes in Kanaän die wil van God

bekendmaak en uitleef. Dit sou hulle kon doen deur na die wil van God te vra en daarvolgens te leef, sodat die mense van Kanaän ook die lewende God kon leer ken. Maar hulle het nie. In plaas daarvan het hulle Baäl begin dien en al die eer vir hulle voorspoed in die land aan Baäl gegee. Die afgodsaltare en klippilare waar Baäl vereer is (vers 1), en die goue kalf (vers 5) wat simbolies van Baäl se houvas op Israel was, was vir hulle belangriker as die opregte diens aan die Here.
Dit laat my wonder oor ons eie roeping as God se mense op aarde. Ons het óók ’n land om te ploeg. Die mense om ons dors na die wil van die Here. Hulle smag na die genade wat God oor hulle wil uitstort. Soos Jesus gesê het (Luk 10:2): “Die oes is groot, maar die arbeiders min.” Ek en jy is die arbeiders wat God wil uitstuur. Dit is ons roeping as navolgers van die Here Jesus.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026